

BEGRAAFPLAASVEROREDENINGE

NELSPRUIT STADSRAAD

HOOFSTUK 1

Woordomskrywing

In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

"as" die veraste oorskot van 'n lyk;

"begraafplaas" enige stuk grond of 'n gedeelte daarvan in die munisipaliteit wat die Raad as 'n begraafplaas afgesonder het;

"beheerbeampte" enigiemand wat deur die Raad gemagtig is om in beheer van 'n begraafplaas te wees en in die geval van 'n krematorium, die registrateur van sodanige krematorium;

"berm" 'n betonbasis wat die Raad in 'n bermseksie aan die koppenent of voetenent van enige graf aangebring het;

"bermseksie" 'n begraafplaas of afdeling van 'n begraafplaas wat die Raad afgesonder het en waar die grootte van gedenkwerk beperk word soos beoog by artikel 27;

"gedenkmuur" 'n muur in 'n krematorium of begraafplaas aangebring vir die plasing van as en/of gedenkplate met inskripsies ter nagedagtenis aan 'n oorledene wat veras is;

"gedenkseksie" 'n begraafplaas of 'n afdeling van 'n begraafplaas wat nie 'n landskapseksie of 'n grasperkseksie is nie;

"gedenktuin" 'n afdeling van 'n begraafplaas of krematorium, uitgesluit 'n grafkelder, wat die raad afgesonder het vir die oprigting van gedenkwerke ter nagedagtenis van 'n oorledene wie se lyk veras is en waar die as geplaas kan word;

"gedenkwerk" enige grafsteen, monument, gedenkplaat of iets soortgelyks of gedeelte daarvan wat opgerig is of bedoel is om opgerig te word in 'n begraafplaas of krematorium ter nagedagtenis aan 'n oorledene en dit sluit in 'n randsteen wat 'n graf afbaken en 'n platblok op 'n graf;

"inwoner" enigeen wat ten tye van sy dood gewoonweg in die munisipaliteit woonagtig was of minstens ses maande onmiddellik voor sodanige datum die eienaar van vaste eiendom in die munisipaliteit was.

"kind" 'n oorledene wat nie 'n volwassene is nie;

"krematorium" 'n krematorium soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie en dit sluit enige plek in wat die Raad vir die verassing van 'n lyk afgesonder het.

"lyk" die stoflike oorskot of enige gedeelte daarvan van enige oorledene;

"lyksbus" urn vir die bewaring van as van 'n afgestorwene in 'n gedenkmuur;

"munisipaliteit" die gebied onder die beheer en jurisdiksie van die Raad asook enige buitegebied soos beoog by artikel 7 (b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939);

"nie-inwoner" enigeen wat ten tye van sy dood nie 'n inwoner was nie;

"nis" 'n Opening in 'n gedenkmuur vir die plasing van 'n lyksbus;

"Ordonnansie" die Krematorium-ordonnansie, 1965 (Ordonnansie No. 18 van 1965);

"perseel" enige stuk grond wat in enige begraafplaas uitgelê is vir minstens twee en hoogstens tien aangrensende grafte waarvoor die uitsluitlike reg om daarin te laat begrawe ingevolge hierdie verordeninge verkry is;

"Raad" die Stadsraad van Nelspruit se bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdheid wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is en enige beamppte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge subartikel (3) van die vermelde artikel op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus kan deleger en dit inderdaad gedelegeer het;

"registrator van sterfgevälle" enigiemand wat ingevolge die Wet op Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevälle, 1963 (Wet 81 van 1963), as registrator van sterfgevälle aangestel is;

"regulasie" 'n regulasie wat ingevolge die Ordonnansie afgekondig is;

"tarief" tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad by Spesiale Besluit vasgestel kragtens Artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939;

"veiligheidsmagte grafte-area" 'n area in 'n begraafplaas wat afgesonder is vir die begraving van afgestorwe lede van die veiligheidsmagte van die Republiek van Suid-Afrika;

"volwassene" 'n oorledene bo die ouderdom van 12 jaar;

"werksure" ure, van Maandag tot Vrydag, wat van tyd tot tyd as normale werksure by besluit deur die Raad bepaal word.

HOOFSTUK 11

INLEIDING

Stigting van begraafplase

2. Enige grond kan deur die Raad vir die doel van 'n begraafplaas afgesonder word en niemand mag 'n lyk begrawe of laat begrawe in enige ander plek in die munisipale gebied nie.

Wegdoen van 'n lyk

3. Niemand mag, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad, 'n lyk op 'n ander wyse wegdoen of probeer wegdoen as om dit in 'n begraafplaas te laat begrawe of in 'n krematorium te laat veras nie.

HOOFSTUK III

BEGRAWINGS

Toestemming vir Begrawing en plasing van lyksbus

- 4.1 Niemand mag 'n lyk in enige begraafplaas begrawe, laat begrawe, 'n lyk laat veras of 'n lyksbus plaas sonder die toestemming van die beheerbeamppte of sonder om met sodanige beamppte 'n datum en tyd vir die begraving of plasing te reël nie.
- 4.2 Sodanige toestemming word nie verleen nie tensy -
 - (a) 'n begrafnisorder ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike

en Sterfgevallen, 1963, uitgereik en aan die beheerbeampte getoon is;

- (b) 'n aansoek ingevolge artikel 5 ingedien is;
- (c) gelde soos van toepassing betaal is.

4.3 Wanneer die beheerbeampte oorweeg of hy die toestemming waarna in subartikel (1) verwys word, moet verleen of weier, moet hy die regte en veiligheid van diegene wat van die begraafplaas gebruik maak, in aanmerking neem en kan die beheerbeampte, indien hy sodanige toestemming verleen, die voorwaardes stel wat hy nodig ag om bedoelde regte en veiligheid te beskerm.

Aansoek om begrawing

- 5.1 Enigeen wat 'n lyk wil laat begrawe moet behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) by die beheerbeampte 'n aansoek indien wat voltooi is in die vorm wat in Bylae A van hierdie verordeninge uiteengesit is, en onderteken is deur die naaste oorlewende verwant van die oorledene of die persoon wat deur sodanige verwant gemagtig is, of indien die beheerbeampte daarvan oortuig is dat die handtekening van sodanige verwant of behoorlik gemagtigde persoon nie betyds verkry kan word nie, onderteken deur enige ander persoon wat die beheerbeampte oortuig van sy identiteit en belang by die betrokke begrawing.
- 5.2 Elke aansoek om begrawing moet minstens twaalf werksure voor sodanige begrawing ingedien word.
- 5.3 Kennis van uitstel of kansellering van 'n begrawing moet minstens drie uur voordat die begrawing plaasvind, aan die beheerbeampte gegee word.

Begrawing slegs in toegekende graf

- 6. Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordeninge mag geen begrawing plaasvind in 'n graf wat nie deur die beheerbeampte toegeken is nie.

Oordrag of wegdoen van regte

- 7.1 Enige houer van 'n graf kan sy regte op 'n private graf skriftelik, nadat skriftelike toestemming van die beheerbeampte verkry is, aan enigiemand oordra: Met dien verstande dat sodanige oordrag nie geldig sal wees nie tensy -
 - (a) 'n Afskrif van die dokument waarby die oordrag gemagtig word, aan die beheerbeampte verskaf is; en
 - (b) die toepaslike gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, betaal is.
- 7.2 Indien die Raad vanweë die dood of permanente afwesigheid uit die Republiek van Suid-Afrika van 'n aansoeker soos beoog by artikel 5(1), of die houer van 'n graf, of om 'n ander grondige rede, daarvan oortuig is dat sodanige persoon nie sy regte om 'n publieke graf tot 'n private graf, sal uitoefen nie, kan die Raad sodanige graf onteien en aan enigiemand anders verkoop teen betaling deur sodanige persoon van die toepaslike bedrag.

Latere Begrawing

- 8.1 Hoogstens twee begrawings mag in enige graf plaasvind: Met dien verstande dat 'n derde begrawing met die toestemming van die beheerbeampte in sodanige graf mag plaasvind indien die graf ingevolge artikel 10 (1) (b) dieper gemaak is.
- 8.2 Enige houer van 'n graf wat 'n lyk as 'n tweede of derde begrawing in 'n graf wil laat begrawe, moet -

- (a) alle gedenkwerk op sodanige graf op sy eie koste verwyder en aan enige redelike vereiste van die beheerbeampte ten opsigte van sodanige verwydering voldoen;
- (b) nadat daar aan paragraaf (a) voldoen is, minstens 24 uur vooruit skriftelik in die vorm wat in Bylae A van hierdie verordeninge voorgeskryf word, van sodanige begrawing aan die beheerbeampte kennis gee, en dié tydperk sluit nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag in nie.

8.3 Die kennisgewing waarna in subartikel (2) verwys word, moet vergesel wees van skriftelike bewys van die houer se regte op die betrokke graf asook van die toepaslike gelde betaalbaar.

Afmetings van grafte, lyksbus, nis en ruimte op 'n gedenkmuur

9. Behoudens die bepalings van artikel 10 -

- (a) in enige begraafplaas wat reeds bestaan en waarvan die beplanning en uitleg voltooi is voordat hierdie verordeninge in werking tree -

9.1 Nelspruit

- (i) moet die graf van 'n volwasse 2 200 mm lank en 762 mm breed, gemeet, op grondvlak, en 2 432 mm uitgegrawe wees.
- (ii) moet 'n kindergraf 1 370 mm lank en 452 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 520 mm uitgegrawe wees.
- (iii) moet 'n lyksbus 240 mm x 240 mm x 150 mm wees.
- (iv) moet 'n nis in 'n gedenkmuur 280 mm x 280 mm x 280 mm wees.
- (v) moet 'n graf in 'n gedenktuin 500 mm lank, 300 mm wyd en 500 mm diep wees.
- (vi) moet die ruimte vir die aanbring van 'n gedenksteen teen 'n gedenkmuur 350 mm x 350 mm wees.

9.2 Kanvamazane

- (i) moet die graf van 'n volwasse 2 200 mm lank en 762 mm breed, gemeet, op grondvlak, en 1 824 mm uitgegrawe wees.
- (ii) moet 'n kindergraf 1 370 mm lank en 452 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 520 mm uitgegrawe wees.

9.3 Matsulu

- (i) moet die graf van 'n volwasse 2 200 mm lank en 762 mm breed, gemeet, op grondvlak, en 1 824 mm uitgegrawe wees.
- (ii) moet 'n kindergraf 1 370 mm lank en 452 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 520 mm uitgegrawe wees.

9.4 Landelike Gebiede

- (i) moet die graf van 'n volwasse 2 200 mm lank en 762 mm breed, gemeet, op grondvlak, en 1 824 mm uitgegrawe wees.

- (ii) moet 'n kindergraf 1 370 mm lank en 452 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 520 mm uitgegrawe wees.

Groter maak van uitgrawings

- 10.1 Ondanks die bepalings van artikel 9:-
- (a) kan die uitgrawing van 'n graf, indien 'n doodkis te groot is om daarin te pas, groter gemaak word sodat die doodkis daarin pas en moet op die vorm soos in Bylae A duidelik aangetoon word;
 - (b) kan 'n private graf op versoek van 'n aansoeker beoog by artikel 5 dieper gemaak word sodat 'n derde lyk daarin begrawe kan word.
- 10.2 Indien die uitgrawing van 'n graf groter of dieper gemaak moet word soos beoog by subartikel (1), moet die beheerbeampte dienooreenkomstig verwittig word minstens 12 uur voor die begraving; dié tydperk sluit nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag in nie en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

Bedekking van doodskiste

- 11.1 Daar moet minstens 1 200mm grond tussen die doodkis van 'n volwassene en die grondoppervlak wees, en minstens 900 mm grond in die geval van 'n kind se doodskis.
- 11.2 Minstens 300mm grond moet onmiddellik na begraving oor 'n doodkis geplaas word.

Konstruksie van doodskiste

12. Geen doodskis wat bedoel is om in 'n graf geplaas te word, mag van enige ander materiaal as natuurlike hout of 'n ander natuurlik afbreekbare materiaal gemaak wees nie.

HOOFSTUK IV

BEGRAFNISSE

Godsdienstige of gedenkdiens

13. Onderworpe aan die opdragte van die beheerbeampte mag 'n godsdienstige seremonie of 'n gedenkdiens in enige begraafplaas gehou word.

Beheer van lykwaens

14. Niemand mag in 'n begraafplaas 'n lykswa bestuur of enige lykswa laat bestuur elders as op 'n gedemarkeerde pad of enige lykswa in sodanige pad laat of ophou, na verwydering van die kis van sodanige lykswa nie.

Vervoer van lyke

15. Niemand mag in enige straat, begraafplaas, of ander openbare plek 'n lyk op 'n onbetaamlike wyse vervoer, of vervoer op so 'n wyse dat die lyk of enige gedeelte daarvan sigbaar is van buite die voertuig waarin dit vervoer word nie.

Voldoening aan opdragte by begrafnis

16. Enigeen wat aan 'n begrafnis, stoet of seremonie in 'n begraafplaas deelneem, moet aan enige redelike opdrag van die beheerbeampte voldoen.

Begrafnisure

- 17.1 Begrafnisse kan plaasvind op Saterdag, Sondag en publieke vakansie dae met geen ekstra koste daaraan verbonde.
- 17.2 Op voorwaarde dat die bespreking gedurende normale werkure gemaak is en op voorwaarde dat subartikel 5.2 nagekom is. Met dien verstande dat geen sodanige bedrag betaalbaar is ten opsigte van 'n begrawing in 'n begraafplaas of gedeelte van 'n begraafplaas wat vir die begrawing van Moslems opsygesit is nie, indien die aansoeker die uitsluitlike en volle verantwoordelikheid om die graf op te vul op hom neem en die graf tot bevrediging van die beheerbeampte opgevol word.

Kanyamazane, Matsulu en landelike gebiede van Nelspruit

- 17.3 Begrafnisse mag plaasvind op Saterdag, Sondag en publieke vakansie dae met geen ekstra kostes daaraan verbonde;

HOOFSTUK V

HEROPENING VAN GRAFTE EN OPGRAWINGS

Opgrawingsvoorwaardes

- 18.1 Niemand mag:-
- (a) sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad en die goedkeuring van die Administrateur van Transvaal ingevolge die Ordonnansie op die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925) 'n lyk opgrawe of laat opgrawe, dit versteur of enige grond wat dit begrens in 'n begraafplaas versteur nie.
 - (b) gedurende enige tydperk wanneer die begraafplaas vir die publiek oop is 'n lyk opgrawe of laat opgrawe nie.
- 18.2 Indien stoflike oorskot uit enige graf opgegrawe moet word, moet die beheerbeampte die graf laat uitgrawe vir sodanige opgrawing maar hy mag nie, behalwe soos bepaal by artikel 19, 'n lyk uit die graf verwyder nie.
- 18.3 Indien 'n graf vir opgrawingsdoeleindes uitgegrawe moet word, moet minstens 48 uur skriftelike kennis van die beoogde opgrawing aan die beheerbeampte gegee word, en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die toepaslike gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, asook die toestemming en goedkeuring in subartikel (1) bedoel.
- 18.4 Die graf waaruit die lyk opgegrawe gaan word, moet gedurende die opgrawing toereikend afgeskerm word en 'n geskikte houer vir die lyk moet verskaf word deur die persoon wat sodanige opgrawing doen.
- 18.5 Die persoon wat sodanige opgrawing doen moet sorg dat die lyk en die graf behoorlik ontsmet en ontreuk word.

Herbegrawing deur die raad

19. Indien die opgrawing van 'n lyk na die mening van die Raad raadsaam of nodig is, of indien 'n lyk strydig met hierdie verordeninge in 'n graf begrawe is, kan die Raad, onderworpe aan die bepalings van die Ordonnansie op die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte, 1925, sodanige lyk laat opgrawe en in 'n ander graf laat herbegrawe: met dien verstande dat, indien moontlik, 'n bloedverwant van die oorledene van die beoogde herbegrawing in kennis

gestel moet word by sy laasbekende adres, en sodanige verwant mag sodanige herbegrawing bywoon.

HOOFSTUK VI

VERSORGING VAN GRAFTE

Tuinmaak op grafte en voorwerpe op grafte

- 20.1 Niemand, behalwe die Raad, mag tuinmaak op grafte nie.
- (a) Niemand mag, behalwe gedurende die eerste agt-en-twintig dae na 'n begrawing in 'n graf, enige voorwerp of versiering daarop plaas, oprig of laat nie, uitgesonder gedenkwerk.
 - (b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a) kan natuurlike of kunsvloem en die houers waarin hulle bevat is, te eniger tyd op 'n graf geplaas word: Met dien verstande dat natuurlike of kunsvloem op 'n graf met 'n berm of grafsteen aangebring is soos beoog by artikel 25 (e)
 - (c) Die beheerbeampte of enige lid van sy personeel kan natuurlike of kunsvloem en enige houer of voorwerp of versiering wat op 'n graf geplaas is, verwyder wanneer dit verwelk, verbleik of beskadig is, of nadat die tydperk soos beoog in artikel 20(2)(a) verstryk het.

HOOFSTUK VII

GEDENKWERK

Oprigting of heroprigting van gedenkwerke

- 21.1 Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die beheerbeampte enige gedenkwerk in 'n begraafplaas of krematorium oprig of enige materiaal in 'n begraafplaas of 'n krematorium inbring met die doel om gedenkwerk op te rig, te verander of te herstel nie.
- 21.2 Aansoek om toestemming ingevolge subartikel (1) moet minstens tien werksdae voor die beoogde oprigtingsdatum skriftelik by die beheerbeampte gedoen word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van 'n getailleerde plan van die gedenkwerk, asook die nodige gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 21.3 Indien gedenkwerk vir bykomende inskripsies of ander wysigings daarvan verwyder word, is die bepalings van sub-artikel (2) mutatis mutandis van toepassing.
- 21.4 Behalwe met die skriftelike toestemming van die beheerbeampte mag geen werk aan enige gedenkwerk op 'n Saterdag, Sondag of Openbare Vakansiedag, of te eniger tyd buite normale werksure in die begraafplaas verrig word nie.
- 21.5 Niemand mag te eniger tyd enige gedenkwerk oprig of heroprig wanneer die grond waarop sodanige gedenkwerk opgerig of heropgerig gaan word, na die mening van die beheerbeampte nie in 'n geskikte toestand is nie.
- 21.6 Die persoon in beheer van die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk moet die skriftelike toestemming waarna in subartikel (2) verwys word, op versoek aan die beheerbeampte toon.
- 21.7 Geen gedenkwerk of materiaal vir gebruik in verband daarmee mag op so 'n wyse in 'n begraafplaas of krematorium vervoer word dat dit die paaie of die terrein of enige ander

eiendom van die Raad in die begraafplaas kan beskadig nie.

- 21.8 Enige oorskotmateriaal, rommel of puin wat uit die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk voortspruit moet onmiddellik uit die begraafplaas verwyder word deur die persoon wat vir sodanige oprigting verantwoordelik is.
- 21.9 Geen gedenkwerk mag opgerig word nie, tensy al die toepaslike gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, betaal is nie.

Minderwaardige gedenkwerk

22. Die Raad kan die oprigting of heroprigting van enige beoogde gedenkwerk wat na sy mening van minderwaardige vakmanskap of kwaliteit is, of wat 'n begraafplaas of krematorium op enige wyse hoegenaamd kan ontsier, verbied.

Inskripsies of gedenkwerk

- 23.1 'n Gedenkwerk op 'n graf moet aan die onderent, in die middel, en 'n gedenkplaat op 'n graf in 'n gedenktuin op die oppervlak van sodanige plaat in die onderste regterhoek 'n duidelike en permanente nommer op hê wat die beheerbeampte aan die betrokke graf toegeken het.
- 23.2 Die enigste besonderhede van die vervaardiger van gedenkwerk wat daarop mag verskyn, is sy naam wat onderaan die gedenkwerk geplaas moet word, maksimum grootte 25 X 50 mm.

Aftakeling van gedenkwerk

- 24.1 Onderworpe aan die bepalings van hierdie artikel mag niemand, behalwe die houer van 'n grafperseel of persoon deur sodanige houer gemagtig, enige gedenkwerk op 'n graf aftakel, verander of versteur nie en sodanige houer of persoon mag slegs met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die beheerbeampte aldus handel.
- 24.2 Afgetakelde gedenkwerk mag in geen gedeelte van die begraafplaas, behalwe die graf waarop sodanige gedenkwerk opgerig was, gelaat word nie: Met dien verstande dat die beheerbeampte in die geval van 'n tweede of verdere begrawing in sodanige graf kan toelaat dat sodanige gedenkwerk aldus, in die begraafplaas gelaat word vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae na sodanige begrawing.
- 24.3 Indien 'n houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, versuim om afgetakelde gedenkwerk weer op te rig binne ses maande nadat dit afgetakel is of indien sodanige gedenkwerk strydig met subartikel (2) in die begraafplaas gelaat word, kan die Raad aan sodanige houer of persoon 30 dae skriftelik kennis gee waarin van hom vereis word om op sy eie koste sodanige gedenkwerk saam met al die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.
- 24.4 Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad 'n gevaar vir die publiek is, strydig met die verordeninge opgerig is, of beskadig is, kan die Raad aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelik kennis gee en van hom vereis om binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing verstrek word, op sy eie koste sodanige gedenkwerk veilig te maak of dit te verander sodat dit aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen of om sodanige gedenkwerk af te takel en saam met al die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.
- 24.5 Indien sodanige houer of persoon versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel 24(3) of (4) te voldoen, kan die Raad, sonder dat hy aanspreeklik word vir die betaling van skadevergoeding -
- (a) die betrokke gedenkwerk heroprig; of

- (b) die betrokke gedenkwerk aftakel en enige rommel in verband daarmee verwyder of;
- (c) die betrokke gedenkwerk veilig maak,

en sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan wanneer hy stappe ingevolge hierdie subartikel doen.

24.6 Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad so 'n gevaar vir die publiek geword het dat onmiddellike stappe vir die beveiliging van die publiek noodsaaklik is, kan die Raad sonder om enige kennisgewing aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word te gee en sonder dat die Raad aanspreeklik word vir die betaling van skadevergoeding-

- (a) die betrokke gedenkwerk aftakel en dit verwyder saam met enige rommel in verband daarmee; of
- (b) die betrokke gedenkwerk veilig maak.

24.7 Indien die Raad ingevolge subartikel (6) opgetree het, moet hy onmiddellik die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelik in kennis stel van die werk wat hy gedoen het en indien gedenkwerk ingevolge subartikel (6) (a) afgetakel is, hom daarvan in kennis stel dat, tensy hy die gedenkwerk opeis en uit die begraafplaas verwyder binne 'n billike tydperk wat in die kennisgewing verstrekkend word, die Raad dit na goeddunke sal wegdoen sonder om daardeur vir enige skadevergoeding aanspreeklik te wees.

24.8 Sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan in verband met stappe wat ingevolge subartikel (6) gedoen is.

24.9 Indien die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, versuim om die koste waarna in subartikel (8) verwys word, te betaal of gedenkwerk wat die Raad ingevolge subartikel (6)(a) afgetakel het, op te eis en te verwyder, kan die Raad sodanige gedenkwerk wegdoen op enige wyse wat hy goëddink en indien sodanige wegdoening enige opbrengs oplewer, moet dit gebruik word ter bestryding van die koste van die aftakeling, verwydering, opberging en wegdoening van sodanige gedenkwerk en rommel in verband daarmee.

Algemene vereistes vir gedenkwerk

25. Iemand wat gedenkwerk oprig of heroprig moet sorg dat:-

- (a) wanneer enige gedeelte van sodanige gedenkwerk aan enige ander gedeelte gelas word, dit gelas word met behulp van klampe van koper of gegalvaniseerde yster, penne of tapskroewe van ten minste 8 mm deursnit wat lank genoeg is om te pas in gate wat nie minder as 50 mm diep mag wees nie;
- (b) 'n fondasie van 100 mm moet die hele grafplot (2 600 x 620 mm) in 'n gedenkseksie waarop die gedenkwerk opgerig gaan word bedek en daarna rondom afgerond word met 'n 100 mm x 100 mm betonlaag;
- (c) alle randstene haaks gemaak en gelê is ooreenkomstig die opdragte van die beheerbeampte sodat die randstene, wanneer die grond daaromheen gelyk gemaak is, uiters 230 mm bo die betonvlak is; en
- (d) indien los klipgruis op 'n graf geplaas word, die klipgruislaag oral minstens 10 mm laer moet wees as die omringende grafsteen.
- (e) voldoende ruimte op gedenkwerk gelaat word vir die plasing van blomme.
- (f) alle gedenkwerk moet van graniet of natuurlike rots wees. Die gebruik van enige

ander materiaal kan deur die beheerbeampte goedgekeur word, op skriftelike aansoek deur 'n naasbestaande.

Vereistes vir gedenkwerk in gedenkseksie

- 26.1 In 'n begraafplaas moet, nadat hierdie verordeninge in werking tree, die maksimum horisontale afmetings van enige gedenkwerk wat op 'n graf in 'n gedenkseksie opgerig word:-
- (a) in die geval van 'n graf van 'n volwassene, 2 200 mm in lengte en 1 100 mm in die breedte, met 'n randsteen breedte van 150 mm wees.
 - (b) in die geval van 'n kindergraf, 1 500 mm in die lengte en 600 mm in die breedte, met 'n randsteen breedte van 150 mm wees.

Vereiste vir gedenkwerk in bermseksie

27. (a) Enige gedenkwerk wat op 'n graf in 'n bermseksie opgerig word, moet bestaan uit 'n voetstuk wat nie meer as 380 mm by 910 mm by 458 mm groot is nie in die geval van 'n enkele graf en in die geval van 'n dubbel graf 380 mm x 2120 mm x 450 mm.
- (b) Die afmetings van 'n grafsteen moet nie die onderstaande mate oorskry nie: In die geval van 'n enkel graf : Hoogte 1 500 mm, wydte 910 mm en die dikte van die grafsteen moet minstens 104 mm wees, en in die geval van 'n dubbel graf : Hoogte 1500 mm, wydte 2120 mm en die dikte van die grafsteen moet minstens 104 mm wees.
- (c) Boeke en rolle word toegelaat, mits hulle aan 'n voetstuk van 380 mm by 910 mm by 458 mm vasgeheg is, in die geval van 'n enkel graf en 380 mm x 2120 mm x 458 mm in die geval van 'n dubbel graf.

Vereistes vir 'n gedenkwerk in 'n gedenktuin

28. Enige gedenkwerk wat op 'n graf in 'n gedenktuin opgerig word, moet 'n fondasie van die volgende afmetings hê :
- (a) 600 mm lank x 400 mm wyd x 50 mm dik beton en die gedenkwerk vir sodanige graf moet die volgende afmetings hê:
 - (b) 600 mm lank x 400 mm wyd x 50 mm dik

Die gedenkwerk moet met ten minste 5 koper of gegalvaniseerde penne van 50 mm lank vasgesit word. Alle gedenkwerk moet gelyk met grondvlak wees.

Vereistes vir gedenkwerk teen 'n gedenkmuur

29. (a) Enige gedenkwerk wat teen die gedenkmuur opgesit word moet aan die volgende afmetings voldoen : 270 mm x 125 mm x 25 mm dik. Die gedenkwerk moet met ten minste 4 koper of gegalvaniseerde penne (6 mm x 50 mm) vasgesit word;
- (b) Die maksimum grootte van houers met as in 215 mm (lengte) x 76 mm (hoogte) x 152 mm (wydte);

Toesig oor werk

30. Iemand wat gedenkwerk in 'n begraafplaas of 'n krematorium oprig, moet dit doen onder die toesig en tot die bevrediging van die beheerbeampte.

Begrawing en opgrawing van as

- 31.1 Niemand mag enige as in 'n graf begrawe of as uit 'n graf opgrawe sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die beheerbeampte nie.
- 31.2 Aansoek om die begrawing of die opgrawing van veraste oorskot moet gedoen word by die beheerbeampte en vergesel wees van die toepaslike gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 31.3 Die beheerbeampte moet sodanige graf vir die begrawing of die opgrawing van as voorberei.
- 31.4 Die uitsluitlike reg om as in 'n graf waarna in subartikel (1) verwys word, te laat begrawe word verkry as die beheerbeampte toestemming verleen en dié toestemming word slegs verleen nadat daar aansoek gedoen is om die verassing van die lyk waarvan die as in sodanige graf begrawe gaan word, en by betaling van die toepaslike gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

Gebruik van nisse en ruimtes, aanbring van gedenkwerk

32. Geen nis of ruimte in 'n gedenktuin of 'n ruimte in die gedenkmuur mag vir die berg van as of die aanbring van gedenkwerk gebruik word sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte en sonder betaling van die toepaslike gelde nie.

Veiligheidsmagte grafte area

33. Onderworpe aan bepalinge van hierdie verordeninge word ruimte in 'n begraafplaas, met spesiale vergunning van die Raad, beskikbaar gestel vir die begrawing van afgestorwe lede van die veiligheidsmagte. Begrafnisse en die oprigting van gedenkwerk geskied in oorleg met die veiligheidsmagte.

HOOFSTUK VIII

ALGEMEEN

Verbodsbepalinge

- 34.1 Niemand:-
- (a) onder die ouderdom van 16 jaar mag 'n begraafplaas of 'n kramatorium betree nie, behalwe in die sorg van 'n persoon wat ouer as 16 jaar is;
 - (b) mag 'n begraafplaas op 'n ander wyse as deur die hekke wat verskaf word, binnegaan of verlaat nie.
- 34.2 Niemand mag in 'n begraafplaas:-
- (a) 'n kantoor of ingeslote ruimte binnegaan nie waar ingang verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, behalwe op sake in verband met sodanige begraafplaas;
 - (b) besigheid dryf, of 'n traktaat, besigheidskaart of advertensie vertoon, versprei of laat nie;
 - (c) op 'n gedenkwerk of raadseiendom sit, staan, klim of dit ontsier of beskadig nie;
 - (d) 'n hinderlike, onsedelike of aanstootlike daad of enige daad wat 'n oorlas is, of 'n steurnis veroorsaak, pleeg nie;

- (e) 'n dier, sonder die toestemming van die beheerbeampte, inbring nie;
- (f) 'n demonstrasie of vergadering hou of daaraan deelneem nie;
- (g) 'n plant, gras, struik of boom of gedeelte daarvan sonder die toestemming van die beheerbeampte verwyder, verplant, pluk, sny, saag, kap, snoei of soortgelyk mee handel nie;
- (h) 'n voertuig of fiets sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bestuur of parkeer op enige pad waar sodanige besturing of parkering verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, of 'n voertuig strydig met 'n opdrag van die beheerbeampte bestuur of parkeer nie;
- (i) 'n voertuig bestuur of 'n fiets ry teen 'n hoër snelheid as 20 km per uur nie;
- (j) die beheerbeampte of 'n lid van sy personeel in die uitoefening van sy bevoegdheid of die uitvoer van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge hinder, weerstaan of teenstaan of weier om te voldoen aan 'n wettige bevel of 'n versoek van die beheerbeampte of 'n lid van sy personeel nie;
- (k) 'n musiekinstrument of apparaat sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bespeel of laat bespeel nie;
- (l) 'n sport beoefen of homself gedra op 'n wyse wat nie by die atmosfeer van 'n begraafplaas of krematorium pas nie;
- (m) skerms of enige ander voorwerp op 'n graf aanbring nie;
- (n) lede van enige godsdienstige genootskap verhinder om godsdiensoefeninge in verband met enige teraardebestelling of herdenkingsdiens onderworpe aan die beheer en regulasies van die Raad, te hou nie;
- (o) godsdiensoefeninge hou volgens die gebruike van enige genootskap in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas as wat deur die Raad afgesonder is vir lede van ander genootskappe nie;
- (p) 'n lyk wat onbedek is vervoer of laat vervoer of sodanige lyk of 'n deel daarvan in 'n straat, begraafplaas of publieke plek ontbloot of laat ontbloot nie.
- (q) 'n begraafplaas of gedeelte daarvan vir die doeleindes van 'n begrafnis vir langer as 60 minute beset nie.

Aanspreeklikheid van die raad vir besering of beskadiging

35. Die Raad is nie aanspreeklik vir enige besering van 'n persoon of beskadiging van enige eiendom indien sodanige besering of beskadiging opgedoen is in 'n begraafplaas nie, behalwe as sodanige besering of beskadiging veroorsaak is deur die opsetlike wangedrag of nalatige handeling of nalate van 'n werknemer van die Raad, binne sy diensbestek en in die loop van die uitvoering van sy amptelike pligte.

Gratis begrawing

36. (a) Indien 'n armlastige sterf en geen familielid of ander persoon gevind kan word om die begrawings- of verassingskoste van die oorledene te betaal nie, kan die Raad sodanige lyk gratis begrawe : Met dien verstande dat aansoek daarvoor vooraf gedoen word.
- (b) Die Raad neem verantwoordelikheid vir armlastige begrafnis soos genotuleer in

Begraafplaasure

37. Elke begraafplaas en krematorium moet gedurende die ure wat aangedui word op 'n kennisgewingbord by elke hek van sodanige begraafplaas vir die publiek oop wees : Met dien verstande dat die beheerbeampte enige begraafplaas of krematorium of gedeelte daarvan vir die publiek kan sluit vir sodanige tydperk en sodanige gemagtigde en amptelike doeleindes as wat hy goed dink.

Klagtes

38. Iemand wat 'n klagte kragtens hierdie verordeninge wil indien, moet sodanige klagte skriftelik aan die beheerbeampte rig.

HOOFSTUK IX

STRAFBEPALINGS

39. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen en iemand wat in gebreke bly om aan die voorwaardes van enige kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge deur die Raad aan hom beteken is, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of drie maande gevangenisstraf en in die geval van 'n voortgesette misdryf met 'n boete van hoogstens R100 per dag vir elke dag waarop die misdryf voortgesit word. Benewens sodanige boete moet enige koste wat deur die Raad aangegaan word as gevolg van 'n oortreding van enige van die bepalinge van hierdie verordeninge of by die uitvoering van enige werk by hierdie verordeninge voorgeskryf om deur iemand uitgevoer te word en wat nie deur hom uitgevoer is nie, deur die persoon betaal word wat hom aan sodanige oortreding skuldig maak of wat versuim om sodanige werk uit te voer.

Herroeping van verordeninge

40. Die Begraafplaasverordeninge soos afgekondig by Administrateurskennisgewing 46 gedateer 23 April 1980 soos gewysig, word hierby herroep.

